# Die WAPAD


## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Besigheidsbestuurder:** H. A. Esterhuizen.
**Sekretaris:** W. J. I. M. du Plessis. **Medewerkers:** D. L. Hattingh, P. J. v.d. Berg.
**Subredakteure:** J. P. B. Viljoen; J. F. Botha; J. F. E. Esterhuizen; Mej. S. van Wyk.

Deel III. No. 3. JUNIE 1948. 2/6 per jaar.



# PYPORRELS

MET ELEKTRIESE AKSIE
EN MODERNE VERPLAASBARE SPEELTAFEL

**Dowe Gehoortoestelle, Elektroniese Kariljonne, Toringhorlosies, Luiklokke en Kragversterker om Akoestiek te verbeter.**

Daar is te min ruimte in hierdie advertensie om u alles te verduidelik en ons voel ook dat ons dit beter en deegliker kan doen óf by geleentheid van 'n persoonlike besoek aan u, óf deur u navrae afdoende te behandel deur die pos. Onthou ons is spesialiteite op bostaande gebied. Alleen die allerbeste vakmanne doen die werk vir u en ons verteenwoordig beroemde fabrieke wat deur die jare hul merk gemaak het. Ons spesifikasies, raad en kwotasies is gratis en volledig. Ons verstrek gewaarborgde leweringstermyn en alle installasies word ten volle gewaarborg om vir 'n lang tydperk sorgvrye diens te verskaf.

• 'n Nuwe toestel wat nou beskikbaar is, stel u in staat om die geluidsvolume van enige gewone huisorrel so te versterk dat dit die hele kerk vul en die koste aan die verandering verbonde, is vanaf 49-10s., afhanklik van die geluidsterkte wat verlang word. Die voorwaarde is natuurlik dat die orrel in 'n goeie meganiese kondisie verkeer.

Century
RADIO & TUBE CO. S.A. (PTY.) LTD.
PRETORIA.

Algemene Kantoor en Werkwinkels:

KERKORREL AFDELING
**STRUBENSTRAAT 395/7,**
**(H/v. Du Toit- en Strubenstraat),**
Telefoon: 2-3636.
Telegramme: „Allwave."

Noem Die WAPAD as u aan ons skrywe.



Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom.

# Die Wapad.

JUNIE 1948.

## INTERVARSITIE

Met hierdie artikel het ons nie 'n bespreking van moontlike prestasiekanse van die verskillende spanne in die oog nie—dit kan onder die sportrubriek gevind word, maar hier wil ons graag **'n ander belangrike sy van die saak onderstreep en beklemtoon en dit is ons GEDRAG tydens die twee e.k. Intervarsities.**

So 'n byeenkoms bestaan nie bloot uit kompetisies op die sportterein nie, maar dit spreek en getuig terselfdetyd van hartlike persoonlike omgang met mekaar—altans so behoort dit te wees. Alleen dan kan en sal daar 'n kerngesonde gees tussen beide partye heers van begin tot end. **Die bepalende faktor wat aan dit alles ten grondslag lê is die persoonlike-gedrag van elke student(te)—spelers(sters) en besoekers(sters).**

Hoe staan dit met ons gedrag veral by dergelike geleenthede?

As P.U.Kaners wat die voorreg het om te studeer aan 'n Inrigting kragtens 'n besondere beginsel en doelbewuste beginselstrewe, moet bostaande vraag ons almal erns wees.

**Beginselvastheid in woord en daad gee koers en rigting en verseker boweal nugterheid in handel en wandel.**

Nugterheid in lewe en wandel—wat 'n swaar eis te midde van die onverantwoordelike massagees van ons tyd? En tog, as 'n mens waarlik geanker is aan die beginsel, dan bring dit nugterheid.

**Nugterheid in ons gedrag—dit moet die houding wees van elke P.U.Kaner—oral en altyd, maar veral tydens Inter-Universitêre byeenkomste, want juis dan soek die buitestanders in ons die uitlewing van daardie beginsels waarvoor ons staan.**

**As 'n mens jou voor, tydens en na so'n byeenkoms waardig jou beginsel GEDRA—van begin tot end, dan het jy OORWIN al sou jy op die sportveld met punte verloor het, en omgekeerd.**

Diegene vir wie ons beginsel en beginseluitlewing op elke gebied erns is, sal altyd nugter wees in hulle gedrag—onder watter omstandighede ook al.

**Aan hulle egter by wie die beginsel nou nie juis swaar weeg nie—om nie eers te praat van uitlewing nie—wil ons 'n ernstige beroep doen om hulle waardig ons beginsel te gedra al is dit dan maar bloot terwille van die gewete.**

Ons gaan Intervarsities hou en ons sien met groot geesdrif daarna uit—MAAR ONS GAAN ONS GEDRA.

## STERKTE !

Ons wil al die Pukkies wat Vrydag en Saterdag aan U.K.O.V.S. gaan toon hoe om 'n bal te hanteer, sterkte toewens.

**STUDENTE !**

Ons probeer die besmoontlike diens lewer onder moeilike omstandighede Met u ondersteuning sal ons diens verder verbeter.

**Ondersteun u eie Boekhandel:**

**DIE**
**TRANSVALER BOEKHANDEL**

**KERKSTRAAT 90,**
Foon 497.
**POTCHEFSTROOM.**

## *HIEROOR EN DAAROOR.*

Die Redaksie wil hul opregte dank oorbring aan **Prof. H. G. Schulze** vir die bydrae tot die oud-studente rubriek. Ten spyte van uiters moeilike omstandighede kon die geagte professor nogtans die tyd vind om hierdie bydrae te lewer.

Ons innige simpatie en meegevoel aan **Mej. Alma Fourie** en **Mnr. R. Fourie** met die afsterwe van hul vader; asook aan **Mnr. H. J. Kruger** met die afsterwe van sy grootmoeder. Mag hulle die vertroosting van die Heilige Gees in ryke mate ervaar in hierdie beproefde dae.

KOM NA——

**PROTEA HAARKAPPERS**

**KING EDWARDSTRAAT 51,**
**POTCHEFSTROOM.**
**(Regoor Queen's Hotel)**

vir
**GOEIE DIENS EN NETHEID.**

Eienaars:

W. J. van Graan,
P. J. van der Rheede.

**HORLOSIE STUKKEND?**

BRING DIT NA DIE

Europese
Fabrieksgeoefende
Horlosiemaker en Juwelier

**P. H. JOB**

**KING EDWARDSTRAAT 51**
**(oorkant Queen's Hotel)**
**POTCHEFSTROOM.**

**DANILATOS**
UITRUSTERS.

*Die Winkel vir Waarde.*

ONS SPESIALISEER IN
KLERASIE
VIR MANS EN SEUNS.

Besoek ons en oortuig uself.

**Hoek van Lombard- en King Edwardstraat, Potchefstroom.**

# *Ons Lesers aan die Woord.*

Geagte Redaksie,

Graag sê ek 'n paar woorde, in antwoord op „Tweedejaar" se Kritiek op die doen en late van die „ouhere," wat as seniors verantwoordelik is vir die lig en leiding van die juniors aan die P.U.K. vir C.H.O.

In die tweedejaar raak jy los van die bekrompenheid en onderhorigheidsgevoel van die eerstejaar. Jy voel nou 'n ware student, wat jy dan ook behoort te wees, maar ongelukkig het die ondervinding in die verlede geleer dat die tweedejaar student die moeilikste persoon is om intoom te hou. Waarom? Sal u miskien vra. Omdat hulle hulle nou vry voel en wil maak soos hulle goed dink en hulle geen snars met die ander studente uit te waai het nie. Omdat hulle nie meer eerstejaars is nie, weier hulle om gehoor te gee aan die vermaninge en voorbeeld van die seniors en daarom voel hulle of hulle regte van hulle ontneem word.

In die tweede plek. Wat maak u op P.U.K.? Onderskryf u die Leuse? Het u P.U.K. toe gekom net maar om u graad te verdien, of was die ideaal van ons inrigting in u gedagte toe u u besluit geneem het? Indien u die P.U.K. as 'n Alma Mater beskou, behoort u, as redelike mens u in te skakel by die dissipliene van die studente owerhede. Dit is tog nie reg, of redelik om te verwag dat die lewe hier by u moet aansluit nie!

Ek weet dat die studente nie altyd so was soos hulle is nie. Daar was 'n tyd dat alles met die studentelewe goed gegaan het, selfs nieteenstaande die feit dat daar maar baie moeilike karakters in ons midde was.

Vir hierdie agteruitgang kan ek maar een rede voor aanbied: Die rede is dat die juniors al meer besiel is met die liberalistiese gees van die tyd en hulle is nie meer gediend om onder die beginsels van die P.U.K. te buig en hulle self daarna te vorm nie.

Ten derde is ek seker dat daar wel onlangs 'n algemene studente vergadering in die studentesaal gehou is, maar of mens dit 'n vergadering kan noem is moeilik om te sê. Een ding het egter duidelik na vore gekom en dit is daardie losbandige gees wat so diep in ons studente lewe ingewortel het. Of noem u dit nie losbandig as studente nie die nodige selfdisipliene besit om hulle owerhede te eer en te respekteer nie? Noem u dit nie losbandig, ongedissiplineerd, om deur moedswillige veronagsaming van die Studenteraad se besluit, uself die reg toe te eien om as ouhere teenoor die eerstejaars op te tree nie?

Ten slotte, Geagte Tweedejaar, het u uself ondersoek en seker gemaak dat die fout nie miskien by u lê nie? Die „gees wat die seniors skep," is u seker dat hulle die swartskape is, of spruit dit uit 'n gevoel van veronregting van die kant van die tweedejaars? Sien u nie maar net 'n "vyandige houding" in die handelwyses van die seniors, omdat hulle probeer om die teuels styf te hou nie?

Ek kan u verseker dat die ouhere dit goed meen, en dat dit by hulle erns is om P.U.K. se studente lewe uniek in die geskiedenis te hou, omdat die leuse en die ideaal van die P.U.K. OOK ONS LEUSE EN IDEAAL IS.

J. ENSLIN.

* * * *

Geagte Meneer die Redakteur,

Na aanleiding van die briewe in die vorige uitgawe van u geëerde blad, sal ek ook graag my beskeie mening wil uitspreek.

Daar word gepraat van 'n gebrek aan saamhorigheidsgevoel en 'n algemene slapheid en traak-my-nie-agtigheid onder die studente, en die studente word opgeroep om uit die groef, waarin hulle verval het, te kom. Maar die direkte oorsake tot hierdie leemte moet eers verwyder of verbeter word voordat dit hier anders sal toegaan.

Die rede vir hierdie losse houding is toe te skrywe aan die feit dat 'n minderheid, met 'n verwronge idee van ons beginsel, hulle gedagtes en opvattinge op 'n oorgrote meerderheid ongevraagd wil afprent en hulle domineer.

Dit is krasse woorde, maar tog waar. Wanneer gesien word dat sekere studente opgang begin maak en 'n aanhang kry, dan word hulle deur party van ons leiers be-arbei om ook te word soos dié minderheid en as hulle nie wil nie, word hulle op allerlei maniere onderdruk—hiervoor kan konkrete gevalle gedoen word. Sommige van ons leiers hier dink dat dit benede hulle waardigheid is om saam te sing met liedjies of om 'n gewone student te groet, maar in damesgeselskap is hulle die ene vriendelikheid.

(vervolg op bls. 4, kol. 2).

**M. B. BLOCH**

**KERKSTRAAT**

HUISRAAD, STOWE
en
STOOFPARTE

**GILFILLAN EN STROH**

**POTCHEFSTROOM.**

FIETSE EN
FIETSREPARASIES

***Die Kwaliteit tel altyd.***
Probeer hierdie vir Ekenomiese en durende gemak.

* * *

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pijamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

* * *

ALLES VERKRYGBAAR BY
**TOD SUTTIE'S**
**Die Mans Klerewinkel.**

**CORNER FRUIT STORE**
VIR
VARS VRUGTE EN GROENTE
DAELIKS.

**HOEK VAN KING EDWARD EN RETIEFSTRAAT.**
**Foon 118.**

INGRAM SE BOTTELSTOOR

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË.

P. GROBBELAAR

FOON 331.

KING EDWARDSTRAAT 114, POTCHEFSTROOM.

PRAKTIESE SNYER EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van

Rex Trueform Klerasie.

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodighede, Draadlose, Koelkaste.

KERKSTRAAT 65, POTCHEFSTROOM.

(vervolg van bls. 3, kol. 2).

Feitlik alle organisasies, verenigings of aanverwante liggame se verkiesings word gekook en vooraf word byvoorbeeld eerstejaars gevra om vir X of Y te stem, om die verkeerde element uit te hou—ook hiervoor kan bewyse gelewer word. Is dit reg? Hier waar ons staan vir 'n bepaalde beginsel, hier word dinge op so 'n slinkse manier gedoen!

Die breë massa weet byvoorbeeld dat die Senaat ten gunste van Intervarsities, selfs met Wits, is, ons het nog maar net van soiets gehoor, maar sal die Studenteraad 'n massavergadering hou en toestande en sake aan die studente blootlê en verduidelik? Nee, hulle is te bang en alles word in die kiem gesmoor, alles wat lyk of die P.U.K. sy beginsel daarmee sal prysgee—ons beginsel soos sommige van ons leiers dit interpreteer.

Daar word reëls opgestel oor kortbroeke, oophemde, die besoek aan die bioskoop en as 'n mens by die sitkamer van 'n hotel instap en 'n bier gaan drink. Maar wat gebeur op die P.U.K.-geselllighede? Hier is die mense, wat so rondloop en preek oor verkeerdheid, dié wat die joligste is en dáár vloei drank soos water—'n mens moet ten minste konsekwent wees.

Die slapheid heers omdat daar nie massavergaderings gehou word waar dinge, wat van aktuele belang is, bespreek kan word nie en as een of ander van die massa studente iets durf doen of voorstel, dan „sien die S.R. nie die nodigheid daarvan in nie," of 'n mens is wêrelds.

Van die sogenaamde demokrasie is hier niks en alles word deur 'n paar gereël en porsies word uitgedeel om sommige se monde toe te hou en omdat andere al so lank hier is en nog nooit opgang gemaak het nie. Die gewone student hoor maar net só en só is besluit.

Om weer 'n voorbeeld te noem; atletiek is hier so te sê dood en waarom? Omdat hier niks en niemand is om teen te kompeteer nie, die S.R. keur feitlik alle inter-universitêre toernooie in bykans elke sportsoort af en as hulle dit wil goedkeur, hoeveel hoor dit ooit? Hoeveel is daar wat weet dat die Senaat ten gunste van sulke toernooie is en selfs ontevrede is dat die S.R. so nougeset en bekrompe is om nie daaraan te wil deelneem nie?

As ons dan aan niks wil deelneem nie en niks mag doen nie, hoekom sonder ons ons nie af deur 'n muur om ons te bou nie? Die meeste studente is al so gewoond daaraan dat aan niks deelgeneem mag word nie en dat nou weer só en só besluit is, dat hulle in niks belangstel nie en net klasloop.

Daarom is hier geen gees nie, nie eens vir liedjies in die aande nie, want wie gaan nou 'n jaar lank oefen om net teen Normaal en U.K.O.V.S. te sing? Dan word nog van ons liedjies geskors en ons kry niks eers in dié plek daarvan nie. Dis maklik om 'n ding af te keur, maar om iets anders in sy plek te kry, daar lê die moeilikheid.

Tensy sake hier meer openlik en met die toestemming van almal gedoen word, sal ons in askese verval en vergaan. Dan sal ons net klasloop en verder niks doen nie. Noudat die P.U.K. op die vooraand van selfstandigwording staan, moet ons presteer in sport en 'n goeie gees kweek om sodoende ons aantal studente te verhoog.

'n Mens sal sê dat bogenoemde gedagtes rebels, liberalisties en verkeerd is, maar as ons beginsel só deur die klein minderheid wat ons domineer, geïnterpreer word, só eng is, dan gee 'n mens ook nie om om aan die ander kant van die draad te sit nie.

Laat ons nou skouer aan die wiel sit en die moeilikhede uit die weg ruim en aan die buitewêreld wys dat ons ook groot van gees is en dat sake hier op die regte, goeie manier gedoen word.

Baie dankie.

„C.P."

## INTERVARSITY.

**Die volgende is 'n voorlopige program vir Intervarsity teen U.K.O.V.S.**

**VRYDAGMIDDAG 4 JUNIE:**
**Tweedespan Netbal, Tweedespan Manshokkie en Tennis.**

**VRYDAGAAND, 4 JUNIE:**
**Debat.**

**SATERDAG 5 JUNIE:**
- **8 uur v.m.: Jukskei.**
- **9 uur v.m.: Netbal 1e span.**
- **10 uur v.m.: Manshokkie 1e Span.**
- **11 uur v.m.: Dameshokkie 1e Span.**
- **1.45 n.m.: O/19 Voetbal.**
- **2.45 n.m.: Tweedespan Voetbal.**
- **3.45 n.m.: Eerste Voetbalspan.**

*Uit Oud-Studente Pen .....*

# DIE GROOT BOIKOT IN DIE JARE HER

## PROF. H. G. SCHULZE DEEL MEE.

**'n Vleislose Woensdag is, op die „Bult" altans, nie eers 'n uitvloeisel van die tweede Wêreldoorlog nie. Reeds tydens die eerste Wêreldoorlog het hy in 'n klein gemeenskap op die „Bult" 'n kort ruk bestaan. Maar anders as sy jonger uniale boetie is hy nie deur die outoriteite ingestel nie, dog deur die studentegemeenskap teen die wil en begeerte van die outoriteite in, aan homself opgelê, m.a.w. dit was 'n vleis-boikot.**

Dit het so gekom: Elke Woensdagmiddag het daar op elke koshuistafel 'n vleispastei gepryk, 'n rasegte „Jantjie-onder-die-kombêrs." Die ‚kombers" as sodanig het geen moeilikheid veroorsaak nie, maar die weersin teen „Jantjie" het gaandeweg sterker geword; eers by enkeles wat gefluister het, dan by talle wat gemompel het en eindelik by die oorgrote meerderheid wat hardop gepraat het.

Nadat ook die poging om die posisie met „Woester"sous te red, jammerlik gefaal het, is ander maatreëls oorweeg. Op 'n massavergadering is 'n driemanskap gekies wat as afvaardiging van die kosgangers die „beleefde dog dringende" versoek aan die huisvader moes gaan voorlê om die „Paai" (so het ons in daardie dae 'n vleispastei genoem) eens en vir altyd af te skaf. Met die grootste spanning is die terugkeer van die drietal afgewag. Toe hul eindelik opdaag kon mens op 'n afstand reeds aan hul gelaatsuitdrukking sien dat hul sending misluk het. Hul woord het dan ook spoedig bevestig wat hul gesigte reeds verraai het: die „Paai" sou onder geen omstandighede afgeskaf word nie.

Dit was aan die vooraand van die drieweekse bloktyd—steeds die gevaarlikste tyd in die koshuisjaar—toe die verpletterende berig die kosgangers bereik. Hulle voel: Iets moet gebeur: „Kêrels, as die huisvader die „Paai" nie wil afskaf nie, dan doen ons dit self; ons eet hom eenvoudig nie, ons boikot hom." Hierdie wonderlike raad het die gespanne atmosfeer dadelik verlig. Die eersvolgende Woensdag sou hy toegepas word.

Die Woensdag. Aan die huisvader se tafel sit nege man waarvan agt aan die boikot deelneem, net die een links langs die huisvader het uit oortuiging, dat die „Paai" onberispelik was, nie deelgeneem nie. Dit was usansie dat die huisvader die vleisgereg uitdeel. Nouliks het sy opskeplepel deur die kombers in Jantjie se ribbes gedring of die kêrel aan die onderend van die tafel sê: „Gee my net 'n bord asseblief, Meneer!" Hiermee was die geskikte formule ook gevind en nog sewemaal klink dit duidelik en helder: „Gee my net 'n bord asseblief, meneer." Die huisvader het 'n „sprekende" gesig gehad. Sy gesigspiere was baie beweeglik en het duidelik aan die buitekant laat sien hoe dit binnekant gesteld was. Die gelaatspiere het dan ook dadelik in werking getree en duidelike wyse sy misnoeë weerspieël. Sonder kommentaar egter

(vervolg op bls. 6 kol. 2).

ONTMOET U VRIENDE

by die

SONSKYN KAFEE

en luister na u

EIE KEUSE MUSIEK

DRIE BEROEMDE

1/6 GENEESMIDDELS:

Alma Hartdruppels,

Metafos: die groot senuweeversterker,

Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.

S. M. LEWIS, BEP.,

APTEKERS,

POTCHEFSTROOM.

SELMA'S

TEE-KAMER

KING EDWARDSTRAAT 87.

BESOEK SELMA'S TEEKAMER,

waar u in stilte en netheid

VERVERSINGS, ETES ens.

KAN GENIET.

KOM NA

POTCHEFSTROOM

HANDELAARS

Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.

Fone: 259 & 250.

KERKSTRAAT,

POTCHEFSTROOM.

C. VAN DER MERWE

KERKSTRAAT 92,

POTCHEFSTROOM.

* * * *

Fietse en Fietsonderdele

en Reparasies.

*Aan die wat lief het*:

Skenk 'n foto wat die romanse sal bevorder.

*Aan die wat presteer*:

Sorg dat u trots sal wees op die fotografiese bewys van u prestasies.

*Aan die wat aarsel*:

Die professore en lektore wat ons binne die eerste ses weke reeds ondersteun het, of ondersteuning toegesê het, of waardering vir ons werk uitgespreek het, word van harte bedank. Ons strewe daarna om mense met onderskeidingsgawe te bevredig.

*Aan die Intelligentsia*:

As Kritzingerfoto's só „anders" is dat hul op uitstallings bekroon word dan is dit omdat die leiding van die kunssinnigste S.A. fotograwe nie vrugteloos was nie.

J.N.J. KRITZINGER

*FOTOGRAAF,*

KERKSTRAAT 84,
POTCHEFSTROOM.

ANELLAS

vir

ALLES EN NOG WAT.

Smaaklike Visgeregte,

Koue en Warm Etes.

Koue en Warm Dranke.

VRIENDELIKE EN DEEGLIKE DIENS WORD GEWAARBORG.

(vervolg van bls. 5, kol. 2).

het hy die leë borde aangegee. Die „Paai" het terug gegaan kombuis-toe.

Die volgende Woensdag het dieselfde gebeur: agtmaal „Gee my net 'n bord asseblief, Meneer!" en die „Paai" gaan terug kombuis-toe.

Op die derde boikot-Woensdag was daar vir die fyn opmerker iets vreemds in die spierespel van die huisvader se gesig. Hy het ook alvorens hy die leë borde aangee elkeen persoonlik gevra of hy nie **vandag** maar 'n stukkie „Paai" sal eet nie, maar nee—al agt is onverbiddelik. En wat gebeur nou? Terwyl die spierespel op die huisvader se gesig op haar onbedwingbare binnepret dui, lig hy sy opskeplepel hoog in die lug, waar hy 'n oomblik in 'n verdwaalde sonstraal skitter-blink, dan skiet hy neer, deurboor die kombers en ontdek voor aller oë—nie vir Jantjie nie, maar twee onbeskryflik geurige hoenders.

Weer sê die huisvader geen woord nie, net sy gelaatstrekke spreek. Hy skep vir B en homself van die hoenderpastei in en begin smaaklik te eet. Na 'n rukkie sê hy „Kêrels, stuur maar jul borde." Maar wie sê? Met hoenderveragtende koppigheid bly die agt man standvastig—te trots om in te gee. Na die ete moes 'n paar „rooibeeste" by Meirowitz 'n bietjie troos.

Woensdagaand breek aan. Ons sit aan en wat sal ons sien—daar staan die hoenderpastei weer. Weer dieselfde spierespel op die gelaat van dis huisvader net in veel milder vorm. Hy sê geen woord, maar vir elkeen skep hy 'n groot porsie hoenderpastei in en gee dit rond. Watter mensekennis en hoeveel takt! Elkeen vermy die oë van sy buurman, kyk op sy bord en reken dat dit sonde sal wees om so'n gawe stuk hoendervleis te laat verwaarloos.

Geeneen het ooit, sover ek weet, aan 'n ander sy gedagtes geopenbaar oor hierdie aand, maar dit ly geen twyfel dat elkeen van die agt in sy hart gedink het: „ ‚Ou Kat' is darem maar 'n witman!"

* * *

„Uitschot".

Geagte Redakteur,

Ek het met besondere genoeë vandag vandag u eerste „Wapad" gelees as 'n spieëlbeeld van die eerste kwartaal—eerstejaarswysheid, ou-heer probleme en idealisme vir die toekoms.

As 'n mens dan hier in jou werk op die Wes-Transvaalse vlaktes staan en gaan, voel jy onwillekeurig die trek van heimwee na die daaglikse lewe van die Alma-Mater met sy „onverantwoordelike verantwoordelikheid." Graag roep ek 'n „bravado" toe aan alle nuut „gecase"-des, 'n „mooi-so" aan dié wat die tydsverloop kon trotseer en 'n „hartlik-geluk" aan die verloofdes.

Baie aangenaam was dit om op die onlangse Panso-vergadering na mnr. Pasch se redevoering te luister. Ook die landsdiensoogmerke, wat die Bestuur daarop nahou, verdien lof. Tog meen ek in beskeidenheid dat die skema wat hulle wens aan te durf tot mislukking gedoem is. Om grond te wil bewerk gedurende ons reënseisoen — Oktober - April — is vir studente, weens bloktyd en vakansie, buite die kwessie.

Veeleerder sou ek hulp aan een of ander offisiële skema bv. die swembad aanbeveel. So nie sou ek die herstigting van die landsdiensburo aanbeveel. So 'n buro kan die name van gewillige studente uit die dorpe, en ander wat met andersoortige boerdery wens kennis te maak (bv. die Karoobewoner met Oos-, Wes- of Noord-Transvaal). vergader en tegelyk skakels op die platteland verkry waardeur hulle landsdiensspanne kan plaas. Die skakels kan bestaan uit oud-studente wat op die platteland gevestig is; ouers, familie of vriende van studente, nou op die P.U.K. en in Pansoideale geïnteresseerd.

So 'n skema dien m.i. 'n baie breër doel: (a) Werklike landsdiens kan op 'n lonende basis verrig word. (b) Kennis en ervaring word verruim; (c) Kontak tussen student en plattenland (wat vandag aan die verdwyn is) word opgebou; (d) Die Alma-Mater word op pakkende wyse op die platteland gepropageer — op 'n basis meer gesond as „studentewerwery." (e) Die vandag heersende arbeidsprobleem op die platteland—en 'n volksprobleem — word, al is dit net **in** of **uit** beginsel, bekamp deur die intelligensia van die volk.

So kan voortgegaan word, mnr. die Redakteur, dog ek dink dit is genoeg om my powere gedagte aan u voor te lê.

Ek is jammer dat ek u ruimte moes opeis, dog as dit my miskien later weer vergun sal word, sal ek sommer ook skrywe—soos Baarkie.

Dankie vir die plasing.

Ek groet alle Pukke!!

B. SPOELSTRA.

# INTERVARSITIE


## WAT SÊ DIE VERSKILLENDE KLUBS?

### VOETBAL.

**Die middag van 5 Junie sal drie P.U.K.-spanne respektiewelik op Springbok-Park opdraf.**

Die O/19 sal eerste wees om die P.U.K.-kleure op die veld te vertoon. Pukkies dit gaan egter nie die doel wees waarom hulle gaan opdraf nie—hulle gaan die Vrystaters wys wat O/19 voetbal is. Die van u wat ons O/19 manne al in aksie gesien het behoort te weet wat die uitslag van hul wedstryd gaan wees. Onthou O/19 julle inleiding van die middag na voetbal sê baie vir die verloop van die verdere wedstryde. Stel dus die vertroue wat daar in julle is nie teleur nie. Met **Brink** as kaptein is ons vol moed.

**KAPTEIN**



**H. du Plessis**

Die **„Navy"** is 'n staatmaker span en dit hou in dat dit staatmakers is wat daarin speel—al vyftien van hulle. Ek wil niks voorspel nie, maar as U.K.O.V.S. meen hulle tweede span het 'n kans sal hulle moet baie hard speel. Met 'n speler soos „Hitler" Oosthuizen aan die spits as kaptein behoort die „navy" skoonskip van die wedstryd te maak.


Die **Theos.** behoort sommer baie agtermekaar te wees. As dit saamgestel kan word soos die vooruitsig is behoort ons taamlik seker te wees dat ons hierdie intervarsitie gaan wen. Die neerslae, die afgelope twee jaar gely, is skuld wat vereffen moet word, en elke eerstespan speler is vasberade dat dit moet gebeur. In die gewone klubwedstryde is reeds getoon wat gedoen kan word, nieteenstaande heelwat staatmakers weens beserings van die veld af was. Hoewel daar nog beserings is, kan diegene se plekke deur skitterende plaasvervangers gevul word.

Pukkies daar is „groot fees" Saterdagaand in Bloemfontein.

H. DU PLESSIS.

### JUKSKEI.

**KAPTEIN**



**J. F. C. Venter**

Hoewel die eerstespan die ou agteros, Peet Struwig, en die naasvoor Spokie baie sal mis kan ons egter twee spelers inspan op wie ons kan staatmaak, en hoop ons om die ou tradisie, nl. om die intervarsity te wen, vol te hou. Die tweede span sowel as die damesspan beskik ook oor genoeg slaankrag om die wedstryd in ons guns te beklink. Namens die Jukskeibestuur wens ons die jukskeispanne ook alle sterkte toe vir die intervarsity.

J. F. C. VENTER (Kapt.)

### KORFBAL.

Ook hierdie jaar is die entoesiasme wat hierdie spel betref bo verwagting groot.

Die liga-wedstryde sal weldra 'n aanvang neem en die eerste span sien al uit na die dag wanneer hulle die Unieskild „huis-toe" sal bring. Hierdie span is nog feitlik onveranderd van verlede jaar af en het alreeds met die eerste vriendskaplike wedstryd teen Handelskool, die opponente met die kous oor die kop huis-toe gestuur.

**KAPTEINE**



**Mej. Elsie Riekert**


Ook die tweedespan gaan hierdie jaar nie agterbly nie en het alreeds in 'n vriendskaplike wedstryd teen Handelskool 'n welverdiende oorwinning behaal.

Ons hoop en vertrou dat die geesdrif nie gaan verflou nie en dat die seisoen sal eindig met albei P.U.K. Korfbalspanne as onoorwonnes.

A. GEERTSEMA (Sekr.)

### TENNIS.

**KAPTEIN**



**K. D. Struwig**

Hierdie klub beskik oor omtrent dieselfde span as verlede jaar en waar die tennis verlede jaar die oorwinning behaal het hoop ons om vanjaar weer die beste van die saak af te kom. Ons

kan egter nie seker wees van die oorwinning nie. Ons wens al die spelers en speelsters sterkte toe en mag die naam van die P.U.K. ook op die tennisbaan hooggehou word.

Die volgende persone is gekies om die P.U.K. teen U.K.O.V.S. te verteenwoordig:

MANS: Dr. Fourie, K. Struwig, Floris Botha, Boet Grobbelaar, Frans Botha, Koos du Plessis.

DAMES: Mejj. C. de Klerk, K. de Wet, M. Kok, T. Struwig, L. v.d. Walt, C. Grové.

Dankie,


K. D. STRUWIG,
(Voors. P.U.K. T.K.)

## MANSHOKKIE.

Hierdie klub gaan nog steeds met sy oorwinnings voort. Die A-span is nog steeds onoorwonne en op die oomblik is reeds 4 ligawedstryde gespeel. **In die 4 wedstryde is nie minder as 34 doele aangeteken nie en slegs 4 doele teen hierdie span.**

Ons staan weer voor 'n Intervarsity teen U.K.O.V.S. **In al drie die afgelope Intervarsities is U.K.O.V.S. verslaan, laas jaar met 5 doele teen 0.**

**KAPTEIN**



**F. S. du T. Meyers**

Vanjaar beskik die P.U.K.-span oor meer slaankrag en U.K.O.V.S. sal beslis moet keer op Bloemfontein vanjaar indien hulle nie weer 'n neerlaag wil ly nie. Wat ookal die uitslag gaan wees van hierdie wedstryd, beloof dit om 'n baie kwaai botsing te wees. Vir U.K.O.V.S. om hulle neerlaag te wreek, en vir P.U.K. om hulle prestasies van die verlede te handhaaf indien dit nie te verbeter nie.

Die B-span reis ook af na U.K.O.V.S. en indien hierdie span die nodige samespel kan ontwikkel sal U.K.O.V.S. ook lelik les opsê.

Aan al die spelers sterkte vir Intervarsity en hou die naam van die P.U.K. Manshokkieklub hoog soos altyd in die verlede gedoen is.

F. S. DU T. MEYERS.

## DAMES-HOKKIE.

Die seisoen is met besonder groot entoesiasme begin en spoedig het dit geblyk dat die eerstespan vasbeslote is om verlede jaar se prestasies hoog te hou.

Daar is nog geen liga-wedstryde ge-

(vervolg op bls. 9, kol. 1).



(vervolg van bls. 8, kol. 3).

speel nie aangesien die skole nie mag meeding nie. Te oordeel na onderstaande puntestaat, kan die span egter met die nodige oefening dit ver bring.

**KAPTEINE**



Mej. S. van Wyk

| | |
|---|---|
| P.U.K. vs. P.O.K. .... .... .... .... | 4—2 |
| P.U.K. vs. Huishoudskool .... .... | 6—4 |
| PU.K. vs. Handelskool .... .... .... | 6—0 |
| P.U.K. vs. Dorp .... .... .... .... .... | 10—3 |

Woensdag, die 19de Mei is die proefwedstryde vir Wes-Transvaal ou Klerksdorp gespeel. Ses van ons spelers het deelgeneem, waarvan **Mejj. S. van Wyk, A. Stander, en K. Meiring** gekies is. Ons wil die dames dan ook graag van harte gelukwens.

Die tweedespan het reeds een wedstryd gespeel teen die onderwyserskollege. Ons wil ook hierdie span aanmoedig tot gereelde oefening en die nodige entoesiasme.

Maandag, 31 deser, neem die eerstespan op Kerksdorp aan 'n toernooi deel, en ons wil net die hoop uitspreek dat P.U.K. se naam ook daar hooggehou sal word. Hiermee wil ons graag al die spanne sterkte toewens vir die komende intervarsities, en veral vir die eerstespan wil ons se: **Kom laat ons U.K.O.V.S. wys dat hulle gerus hulle hokkie-lessies kan oorleer.**

M. CALITZ (Sekre.)

## HERINNERING.

Ek onthou nog dat ek stadig afgestap het na die rotse toe. Vir 'n geruime tyd het ek al die verfrissende seelug ingeasem toe ek hom eers gewaar. Ek het na hom toe gestap waar hy op die rotse sit, gegroet en vir 'n rukkie het ons swygsaam langsmekaar gesit. Ek het my gesit en verkyk na die ewige golfbeweging, na die swellende golfrugge en die gapende deinigvalleie. Die skuimtoppe van die aanstormende branders het soos wit skuddende maanhare van jaende perde gelyk. Die siedende krag van die water as dit terugsuig, het my met vrees vervul. Wanneer die skuimkoppe dan weer met rasende snelheid aangegalop kom om dan met dreungeweld teen die rotse te stort, wanneer die omhoogskietende spatskuim weer klotsend terugval op die rotse, dan het 'n onrustige gevoel hom van my meester gemaak. Ek het weer na die kim gekyk waar die diepblou van die see en die ligblou van die lug mekaar aanraak en my oë stadig laat terugdwaal na die blougroen van die onmeetlike oseaan toe 'n roering langs my my wek. Stadig was Pieter, want so het hy geheet, besig om met koddige krullerige letter sy voorlet-

(vervolg op bls. 11, kol. 1).


DIE LOKALE HAARKAPPERS

LANGSAAN KING'S HOTEL.

Foon 902

Eienaar:

P. W. TALJAARD

SKOONHEID EN DIE BESTE DIENS GEWAARBORG.

SPREEK ONS I.V.M. ONS MAANDELIKSE SKEMA.

ELKE DAG VARS

TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD EN ALLE KOEKSOORTE.

RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

Foon 282. Foon 282.

KERKSTRAAT 37,

DE KOCK'S ELEKTRIESE DIENSTE

"Frigidaire" Yskaste,

Radios,

Verligting Toestelle

EN ALLE

Elektriese Toebehore.

Takke: Klerksdorp, Lichtenburg, Blyvooruitzicht.

KOM SIEN ONS vir u

Fotografiese- en Aptekersbenodighede.

GEEN EN VELLEMAN,

KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

# BLACK'S

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

**Posbus 197. Foon 179.**

**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

# DU TOIT & ELOFF

**Kerkstraat 59, Foon 187.**

Mans- en Damesklerasie, Kruideniersware, Vars Vrugte en Groente.

# DIRK PONS & KIE.

**(Afrikaanse Pers Beperk).**

BOEKHANDELAARS EN UITGEWERS.

Agente vir:

"ROYAL" DRAAGBARE TIKMASJIENE

geskik vir:

Onderwysers en Studente

**Posbus 149. Foon 363.**

**POTCHEFSTROOM.**


## *Eerstejaars-wysheid.*

## *ONTGROENING*

Dikwels het baie mense hulleself al afgevra of ontgroening aan 'n Universiteit moet toegelaat word of nie. Daar is 'n seksie wat sterk daarteen gekant is, en dan voer hulle ook gegronde redes vir hul argumente aan. Gelukkig is meeste van hierdie redes darem nie somaar maar op fantasie en hoorsê gegrond nie, maar op eie dure ondervinding.

'n Mens wil graag jou steun toesê aan persone wat teen ontgroening is omdat hulle lelik mishandel of selfs vermink is gedurende 'n ontgroeningstydperk. Sulke mense het ook die reg om gekant te wees daarteen.

Maar aan die ander kant, wat sal 'n Universiteit sonder ontgroening wees? Die mooi gees van samewerking en harmonie sal hinderlik deur so iets verstoor word.

Ontgroening op 'n mooi en ordelike wyse, ja, dit glo ek, sal die groot menigte heelhartig ondersteun.

Volgens die Jaarboek van die P.U.K. vir C.H.O. is ontgroening alhier verbied. Dit is waar, en alhoewel sommige mense van mening is dat die kat in die donker geknyp word, is hulle heeltemaal verkeerd.

Hier word die nuwelinge verwelkom en ingelyf, en glad nie ontgroen nie. Hierdie verwelkoming of inlywing bevorder die gees aan die P.U.K. op 'n baie beter manier as hardhandige ontgroening. Hierdie tipe van ontgroening verdien alle lof!

(Van waarde weens sy waardeloosheid.—Red.).

## *EN AS ONS OUD IS.*

*O sal ons liefde immer fris en jeugdig bly*
*en gloed oorlaai net soos die vuurrooi van die roos?*
*En as ons oud is, sal die lewe nog so mooi wees*
*of sal die ouderdom die liefde, wat so broos*
*en teer is soos die bloeisels aan die perskeboom,*
*vervlugtig soos die vreugdestondes van 'n droom?*

*En sal ons nog tesaam na stille plekkies gaan*
*of luister na die aandwind deur die donker bome*
*as dit sy hartstog op die blare uit? Of ons,*
*soos nou, verlustig in die lied van waterstrome*
*en in verrukking staar waar wolke torings bou?*
*En sal die lewe nog so jeugdig wees as nou?*

*Ek wil dat hierdie lewe nimmer sal verwelk nie*
*en dat ons liefde steeds sy lentebloeisels hou!*
*Ek weet dit kan nie immer lentedae wees nie*
*en daarom sal die gloed van hartstog ook verflou.*
*Maar as ons oud is, sál die lewe nog so mooi wees,*
*want uit ons lenteliefde spruit ons stille maats—wees.*

*L. S. KRUGER.*


# W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

**Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.**

(vervolg van bls. 9, kol. 2).

ters en die van 'n pasafgestorwe vriend te skrywe.

Met 'n sug het hy gesê: „Jy sal nie verstaan nie, Danie, maar ek wil so graag my uitpraat, uiting gee aan my opgekropte gevoelens.” Ek het my hand vertroostend op sy skouer gesit en simpatiek laat volg:

„Pieter, ek weet hoe jy voel, praat maar, ek verstaan; ek sal verstaan.” 'n Rukkie was daar swye.

„Sien jy daar die hoë punt daar van die kop,” vervat hy, wysende na links waar spitspuntige rotsgevaartes uitgesteek het bo die glinsterende sand van die duin, wat aan die seekant 'n soort van krans gevorm het, „daar het ek en Xavier pas 'n maand gelede hierdie rustelose natuurwonder aanskou. Na daardie oomblik van ons laaste samesyn het die see vir my mooier geword, nou dat ek daaraan terugdink het die toneel my sterker aangegryp as ooit van tevore.” Daar was 'n merkbare trilling in sy stem en ek het vir Pieter innig jammer gevoel. Hoe snaaks tog, ek kon skielik geen woorde vind om te troos nie. 'n Oomblikkie het ons altwee rustig gesit elkeen besig met sy eie gedagtes, toe vervolg hy merkbaar sagter:

„Danie, ek het reeds baie keer boop daardie hoë krans gestaan en na die see ver daaronder gekyk, maar weet jy, ek ontdek nou eers dat die laaste keer wat ons daar was ek vir die eerste keer besef het hoe groots en wonderlik dit alles is. Daardie krans, Danie, neem vir my gestaltes aan wat ek tot nog toe nie geken het nie.” Terwyl hy intussen tuur op die aanrollende branders vervolg hy: „Daardie branders wat so aangejaag kom, die eentonige herhaalde breek daarvan op die rotse en die spattende skuimvlokke, ek weet nie of ek dit al ooit so mooi gevind het as daardie middag nie. Kan jy weet wat daardie oomblikke vir my beteken het?” Stom, ja skielik kon ek nie woorde vind nie, sê ek: „Ek verstaan, ek verstaan.”

„Kan jy glo dat daar niks aangenamer in die wêreld is nie as n' opregte vriend nie?” Ek het hom nie geantwoord nie, net instemmend geknik.

„Ek het weer vanoggend voor jy gekom het, daarbo gestaan. Ek het weer na die aanstormende branders gekyk. Ek het weer musiek probeer vind in die geluid van die spattende skuim, maar alles was so anders, my hart was seer. Ek kon nie verstaan dat ons nog pas 'n maand gelede gesels het oor die mooiheid van die natuur nie, die kunstigheid van die natuur nie, alles was dan nou so anders.” Sy smart oor die dood van Xavier het die hele wêreld vir hom verander. Die gety was aan die opkom en toe ons so sit spoel 'n brandertjie wit oor die glansende sand langs ons voete verby en wis tegelyk die letters uit. Dit het my diep getref. Ons het opgestaan en weer aangestap, terug na die stadsgewoel. Agter ons het die sagte geklaag van die branders weldra verdof . . . .

D. F. ERASMUS.



Dis 'n maanligaand
In Oktobermaand,
Dis twee outjies wat fluister.
'n Bietjie geluister
'n Sagte „Ja”
Met 'n soentjie daarna.....
Dis al.

## LEED!

Jannie gaan weg! Dit is al waaraan sy op die oomblik kan dink. Jannie—haar Jannie gaan weg. Hy gaan weg!! Marietjie voel geskok. Dit kan nie waar wees nie; en tog is dit. Hy het dit self vir haar gesê: „Marietjie ons gaan weg.” Hoekom? Weet hy dan nie dat sy alleen sal voel nie?!

Sy onthou nog toe sy hom die eerste keer gesien het. Dit was in die park. Hulle het dadelik aangetrokke gevoel tot mekaar. Hy het saam met haar huistoe gegaan en by die hekkie omgedraai en gesê: Ek sal weer vir jou kom kuier.” Hoe het sy nie uitgesien daarna nie. Die volgende dag was hy weer by haar, en die keer het hulle saam park-toe gestap. Van toe af was hulle altyd bymekaar. 'n Jaar lank ken hulle mekaar nou al—'n jaar wat vol was van kommervrye geluk. En nou gaan Jannie weg. Die dae sal so alleen en leeg wees sonder hom! Marietjie begin huil. Dit is so swaar vir haar om van Jannie afskeid te neem en sy weet dis vir hom net so swaar. **Hulle het so lief geword vir mekaar al is hy nog maar vyf en sy slegs vier jaartjies oud.**

„AHA.”

SENTRALE NUUSAGENTSKAP

C. N. A.

SKRYFBENODIGHEDE:—
Alles wat Studente nodig het in voorraad.

BOEKE:—
Vir opleiding of ontspanning—wat ons nie in voorraad het nie, sal ons op versoek bestel.

DIENSTE:
Ons Winkel is spesiaal ingerig sodat u deur ons Boeke kan snuffel na hartelus.
Ons Koerante Aflewerings strek oral deur die dorp.
Ons is direkte agente van alle Afrikaanse en Engelse Uitgewers.

10% Afslag op alle Opvoedkundige Boeke aan Studente.

LAAT ONS U HUIS
MEUBILEER

Ons lewer alles wat nodig is om die vertrekke aantreklik en rustig te laat lyk.

ONS BOU ONS EIE MEUBELS
en is altyd eerste met nuwe ontwerpe.

EXCELSIOR
MEUBELS

BEPERK,
KERKSTRAAT 108,
POTCHEFSTROOM.

POTCHEFSTSROOM
DRY CLEANING WORKS
FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.

PROBEER ONS
VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.

*Eienaar:*
P. D. DE WET POTGIETER
POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

## KORRESPONDENSIE

Malherbestraat 20.

Beste neef Redakteur,

Die meide is nou besig om ons kamers se ruite skoon te maak, en omdat die lig dus nou nie te goed is in die kamer nie, het ek my pen en my skryfblok opgeneem en hier in die sonnetjie kom sit om vir neef te skryf. Ek wil net vir neef vertel van een van die ouens wat hier tussen ons bly.

Die sielkundiges het allerhande snaakse en eufemistiese naampies vir so'n ou soos hy, maar omdat ons almal leke op daai gebied is, som ons hom sommer op as mal.

Eerstens hou hy nie baie daarvan om wakker te word nie, maar as hy eers sover is, dan gebeur dinge vinnig. Hy pluk gou 'n langbroek, hemp en baadjie (sonder skoene) aan, draf by die eetkamer sowel as die badkamer verby en na 'n rukkie verskyn hy aan die etenstafel—heeltemal gelukkig.

As ons na ons 8-uur klasse toe ry, kyk hy op sy horlosie met die woorde: „Ek stel tog nie belang in „Old English" nie; ek sal maar 11.20 gaan Sielies loop." Hierop gaan verdiep hy hom in twee Superman-comics waarin hy al sedert Februarie lees. Lyk vir ons of hy hoop dit sal sy belangstelling vir "Old English" wek.

As hy 11.20 by Sielies wil wees, moet hy presies half-tien begin regmaak. Eers sy stywe boordjie aansit, dan kom die baadjie en dan skeer hy. Daarna word die das aangesit. En neef weet, hy haal mos nie die ou lemmetjies uit die skeermes nie, hy plak die nuwe bo-op die oues tot dit oor twee weke te vol word.

Elke aand, klokslag 11-uur leen hy 'n fiets êrens en dan raak hy weg, skoon weg. As ons roep gee hy nie antwoord nie; hy's bang ons weet waar's hy.

Hy sleep nie graag meisies nie, maar die kennis wat hy van hulle het verbaas ons elke dag. Dat 'n man met soveel kennis nie 'n praktyk begin nie, slaan ons dronk.

Ek weet nie of neef hierdie ou ken nie. Hy lyk netsoos George Brent en omdat die laaste deel van sy van ongegeskik is vir publikasie noem ons hom sommer Postie. Hy is ook nou-die-dag gekies as „Mej. Malherriestraat."

Neef, nou brand die son my darem te seer.

Dag neef,

B.D.

(Effens verkort.—Red.)

## IN EN OM DIE KLASKAMERS.

**Dr. K---z-:** Ik ben niet professor, slechts lektor.

**Mnr. H. Ve-t-r:** U naam verwek blykbaar groot hilariteit, Mnr.

**Mnr. A. Po--m-:** Sal ek weer vir julle die blokke op die bord trek?

**Dr. D-kk-r:** Lees nou maar **nét** Multatuli se bloemlesing vir môre.

**Mej. Vil---n:** Vind julle nie die nuwe indeling van julle verslae baie meer doeltreffend nie?

**Dr. I. Fou--e:** Wright a letter to Poggenpoel of Van Gaarkuikensvallei.

**Mnr. Sc---ma-:** As u stil is kan ons maar begin.

**Dr. Hat--n-:** Dames en Here, net die volgende i.v.m. die bywoning van die praktiese klasse.

**Dr. Du Pre--:** Die twee grondpylers van Die Huisgesin is bloed en liefde, Dames en Here.

**Mnr. Tal----.:** (Vyf minute vóór die einde van die periode): Daar is nog 'n kwartier tyd. (Ná die klok gelui het): Ek dank U.

**Dr. Kru--r:** Ek thê vir julle, Dameth en Here, dit thal nie aangeneem word nie—ek wil nie my aantekeninge weergegee hê nie.

**Mnr. J. A. v.d. B-rg:** Siffel en siffel is siffel.

**Prof. J. S. -/- Merwe:** Neem nou die skil van 'n lemoen, Dames en Here, dis 'n lemoenskil.

**Prof. D. J. du Ples--s:** Aan 'n brand . . . . ek het julle gewaarschuw.

**Prof. F. J. Labusch--n-:** Taal is 'n puurmenslike, komplekse klankverskynsel.

„AHA."

*LEES*———

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.